

12 Junie

Skrifgedeelte: Efesiërs 2:1-10

Fokusgedeelte: Efesiërs 1:4,5,6

Lewend gemaak om die goeie te doen

Die mensdom reageer elke keer met vrees wanneer 'n dodelik aansteeklike siekte uitbreek. Intussen bestaan daar 'n dodelike siekte waarvoor die mensdom geensins bekommerd is nie. Hierdie siekte tas nie net die liggaam en die gees aan nie, maar het 'n effek wat tot in die ewigheid strek.

Paulus wys ons op die oorsaak vir hierdie toestand. Mense se volgehoue sondes veroorsaak dat hulle geestelik sterf. In plaas daarvan om hulle deur die Gees van God te laat lei, word hulle deur hulle sondige begeertes en luste voortgesleep. So kom hulle onder die heerskappy van die god van hierdie wêreld, Satan.

Hierteenoor het ons wat in die Here Jesus, sy sterwe en opstanding glo, die sekerheid dat God ons tot 'n nuwe lewe opwek. Ons is deur die doop saam met die Here Jesus in sy dood begrawe en weer saam met Hom uit die dood opgewek. God gee selfs aan ons 'n plek in die hemel. Dit beteken dat ons deur die Here Jesus in staat gestel word om daagliks oor die sonde in ons lewens te heers. Hierin kan ons ons verbly.

Die grootste bron van vreugde en blydschap is egter die woorde van Paulus in vers 4. God maak ons lewend en verlos ons van 'n sondaarsbestaan. Hy het elkeen van ons innig lief en het Hom oor ons ontferm. Deur sy liefde het Hy ons nie vir die oordeel bestem nie, maar wel geskep en bestem om elke dag, in alles, net die goeie na te streef en Hom daardeur te verheerlik.

Sing: Psalm 105:1,2 Ds JDP Venter (Suidkus)